Lewe

 Laat ons nou net ’n oomblik bly staan vir gebed. Sal ons ons hoofde buig.

2 Geseënde Here, ons dank U, God, vir wat U vir ons gedoen het, en dat U groot voorreg van ons wat ons nou het om vanaand terug te kom om U te aanbid. En ons wil U vra om ons te ontmoet op ’n ongewone manier en ons harte te seën soos ons ons geloof bymekaarsit. En ons sou vra vanaand, as daar sommige sou wees wat onder ons sou wees, wat nie hierdie wonderlike gemeenskap met U het nie, mag hierdie die aand wees wat al hulle sondes onder die Bloed sal wees, en hulle in staat sal wees om hierdie voorregte te geniet wat ons so vrylik geniet het.

3 En ons wil vra dat U diegene sal terugbring wat eenmaal met U gemeenskap gehad het en daardie vreugde verloor het. Mag hulle weet dat daar ’n—’n liefdevolle Vader is Wat hulle liefhet en staan, en wag met Sy arms uitgestrek om diegene van Sy dwalende kinders te ontvang, wat sou terugkeer.

4 Wees hulle genadig, Here, wat so grootliks genesing nodig het vanaand. Mag U Heilige Gees net hulle siek liggame genees. En miskien is daar sommige, hier, Here, wat nog nooit U Heilige Gees ontvang het nie. En ons bid dat U aan hulle vanaand, Here, U Heilige Gees sal gee om gemeenskap te hou rondom U Woord. Skenk dit, Here.

5 Ek is self behoeftig, baie behoeftig, Here, iets oor die twintig aande van reguit prediking en my keel is moeg en vermoeid, en ek bid dat U my sal help, en verstand wat dof raak van die ure van arbeid in die veld. Help my nou, Here, en mag ek in staat wees om te sê, dit wat welgevallig sou wees in U oë. Want ons vra dit, in Jesus Naam. Amen.

6 Mag maar sit. Dankie. Ek is baie bly vanaand om hierdie gawe gehoor mense op ’n Maandagaand, en ’n reënerige, slegte aand, te sien. Julle weet, onder in die suide, hinder ’n bietjie reën of ’n bietjie weer die mense soort van baie, maar dit pla julle blykbaar nie.

7 En ek is so bly dat ons Here ons ontmoet het in die laaste paar aande, en veral in die genesingsdienste, en die oorwinnings gegee het wat ek pas bevoorreg was om te hoor. Broer Vayle sê vir my dat hulle rond getuig het van die verskillende genesings. O, Hy’s werklik!

8 En julle predikers, julle pastore sal oplet na die veldtog al vir ’n lang tyd verby is, vroue en mans sal na jou toe kom en sê: “Jy weet *daardie* wat ek gehad het? Ek het dit net nie meer nie.”

9 Oor die dienste in die aand sien ek baie dinge gebeur, maar jy kan hulle net nie vinnig genoeg roep nie. Sien? Dit gebeur, en ons weet dit sal reg wees, so ons laat dit net vaar. Dit sou meer spontaan wees as hulle dit kon begryp.

10 Net onlangs 'n getuienis gelees hier in 'n diens, en voor ek my teks neem, wil ek graag—graag dit sê. En ek het vir 'n paar mense gebid, en daar was 'n dame wat opgekom het wat 'n maagprobleem gehad het, en dit was baie erg. Ek dink die dokters het vir haar gesê dat hulle haar selfs bloedoortappings moes gee, van maagsere wat in haar maag gebreek het. Sy was baie sleg, en daar was dit 'n duodenale ulkus, dis die baie slegte soort. So in die visioen, het die Here vir die vrou gesê wat haar probleme was, en wat sy gedoen het, en—en toe nadat dit verby was, het sy gesê sy glo.

11 En nou, dis in die haak, hou julle dit dop, julle sien, en sê: "Die Here seën julle, en mag die Here julle genees," ons weet nog nie. Maar toe het dit meteens verander en teruggekom met: "SO SPREEK DIE HERE." Dis die visioen wat sien wat gaan wees; een sien wat was, die ander een sien wat gaan wees. En baiekeer sien ek die dood, maar ek sê nooit niks daarvan nie, tensy ek weet dit gaan gebeur, want partymaal kan die dood oor jou uitgespreek word, en tog, kan gebed dit verander. Weet julle dit?

12 Dit is gedoen in die Skrifte. Toe Hiskia op sterwe gelê het, het Jesaja . . . Het julle julle al voorgestel hoe daardie profeet moes gevoel het? Toe hy daar opgegaan en gesê het: "SO SPREEK DIE HERE: Jy gaan sterf. Jy gaan nie van die bed afkom nie." En hy was 'n ware profeet.

Buitekant die kamer gegaan, daar het die beroemdes van die paleis gestaan, en: "O, grote profeet, wat sal met ons koning gebeur?"

"SO SPREEK DIE HERE: Hy gaan sterf."

Begin uitgaan na die soldate in die—die binnehowe, die paleis binnehowe, en die poorte: "Wat sê, o, profeet, die Here vir ons groot koning?"

"SO SPREEK DIE HERE: Hy gaan sterf, hy gaan nie van die bed afkom nie."

Toe uit in die strate na die arme mense toe: "O, grote profeet, wat sê die Here van ons lieflike koning?"

"SO SPREEK DIE HERE: Hy gaan sterf." Verder af na sy huisie toe.

13 Toe het Hiskía sy gesig na die muur toe gedraai en bitterlik geween, en gesê: "Here, ek vra U om my in ag te neem, want ek het voor U gewandel met 'n volmaakte hart." Dis nogal 'n getuienis, is dit nie? "En ek vra vir nog vyftien jaar van lewe."

14 Nou, wie was die grootste man in die volk? Die koning. Daar was die groot aardse koning wat met die groot Hemelse Koning gepraat het, nou, waarom het die Koning nie vir hom gesê: "Goed, Hiskia, Ek hoor jou pleidooi," nie?

15 Maar, julle weet, God het maniere om dinge te doen, en ons moet saamwerk met Sy manier van dit doen. Hiskia is nie in daardie posisie gebore om, vir die Here om so met hom te praat nie, so die Here gaan weer af na die plek toe waar die profeet gesit het, gesê: "Gaan, sê vir hom Ek het sy gebed gehoor, en Ek gaan hom vyftien jaar spaar."

16 Wat daardie profeet moes gedink het aan die opkom daar, "SO SPREEK DIE HERE: Hy gaan lewe. SO SPREEK DIE HERE: Hy gaan lewe!"

"Wat daarvan, profeet? Waarvoor gaan jy terug?"

"SO SPREEK DIE HERE: Hy gaan nou lewe."

17 Wat het dit gedoen? Gebed verander dinge van die dood na die lewe. Dit doen dit altyd.

18 En toe die Here uitgespreek het oor hierdie vroutjie dat sy reg sou wees, sy genees is, wel, het sy buitentoe gegaan en die Here gedank. So sy het gedink sy kan net aangaan, reg wees, en sy gaan en probeer eet. O, het sy siek geword! So toe binne 'n paar dae, het dit aanhou erger word, en sy sou probeer eet, dit in haar afforseer, dit opgegooi, gebloei. So sy het gesê . . .

19 Die mense in die buurt het begin dink na 'n paar weke . . . En haar man het gesê: "Skat, ek glo dat jy wat so getuig, jy 'n skande gaan bring oor die saak van Christus."

20 En sy het vir haar man gesê: "As daardie man daar gestaan het, net 'n man onder inspirasie, en my die dinge vertel het wat ek gedoen het in my lewe, vir my gesê het wat die maagseer veroorsaak het en wat dit gebeur het, en in watter toestand dit was, en vir my gesê het: 'SO SPREEK DIE HERE,' die visioen gewys het dat ek gesond sou wees, dink jy ek sou dit betwyfel?" Sy het gesê: "Smaad of geen smaad nie, dit sou meer smaad vir my wees om dit te betwyfel!" Hoe reg was sy nie!

21 En een oggend na, ek dink, vyf weke of meer, vier of vyf weke, ek vergeet net wat sy gesê het, het sy een oggend die skottelgoed gewas, die kinders het skool toe gegaan, en meteens het sy 'n baie vreemde gevoel gehad wat haar getref het. Sy het gedink: "Wat is dit?" Sy het baie geseënd gevoel. So toe het sy gedink: "Wel, miskien is dit net die Here wat my seën." Sy was 'n baie goeie Christenvrou, jong vrou omtrent in haar dertigs. En sy het baie honger geword, en sy het gesê: "O, hoe graag sou ek in staat wou wees om net 'n stukkie roosterbrood te eet!" En sy het gaan sit en die roosterbrood geëet. Net binne 'n paar oomblikke het dit opgekom, sou dit gedoen het, maar dié keer het dit ingebly, goed gevoel.

22 Wel, sy het gedink: "Jy weet as dit so is, dink ek sal ek net 'n bietjie van hierdie hawermoutpap hier eet, wat party van die kinders agtergelaat het in hulle borde." So sy gaan sit, eet hawermoutpap. Nou, julle weet wat hawermoutpap op 'n suur maag sou doen. En sy het omtrent vyftien of twintig minute gewag, en dit het haar nooit gepla nie, so sy het gaan sit en het 'n regte gastronomiese jubelfees gehou by haarself, sy het vir haar 'n paar eiers gebak, vir haar 'n koppie koffie gekry, dit net regtig geniet. En sy het omtrent twintig of dertig minute gewag, en gewoonlik binne vyf minute het sy dit klaar opgegooi.

23 En sy het so goed gevoel, sy het gesê: "Jy weet, ek kan nie hierdie goeie ding net vir myself hou nie." So af in die straat het sy gegaan, na 'n buurvrou toe, vir wie daar dieselfde aand gebid is, wat 'n groeisel aan die kant van haar nek gehad het. Wel, haar man was afgetree, hulle het laat opgestaan. En toe sy by dié huis gekom het, 'n paar deure onder haar, het sy gedink hulle het die Heilsleër daarbinne gehad, sy het nog nooit in haar hele lewe soveel geskree en tekere ganery gehoor nie. Sy het gedink: "Wel, wat is verkeerd?" Sy het ingehardloop en gesê: "Lydia, wat makeer?"

24 Sy het gesê: "O, Bertha, ek wil jou sê! Ek het pas opgestaan, ek het daar gelê, ons was vir 'n rukkie wakker, ek het 'n baie vreemde gevoel gekry, en ons het selfs die lakens op die bed geskud, ons kan nie daardie knop vind nie, dis weg."

25 Wel, sy het vir haar haar storie vertel. En hulle het net baie opgewonde geraak, en—en vir hulleself iemand in die buurt gekry, en na een van my dienste toe gekom wat omtrent 'n duisend myl ver was, en hulle het die getuienis gegee.

26 Nou, wat het gebeur? Die Engel van God, Wat daardie seëning uitgespreek het, het deur die buurt gegaan en dit bevestig, julle sien. Wat as hulle sou opgee? Moenie opgee nie. As jy glo, bly daarby, God sal dit laat gebeur. Sien?

27 Partymaal is God nie spontaan met dinge nie. Hoeveel weet dat Daniël gebid het, en dit geneem het, ek dink dit was agt-en-twintig dae, het die Engel gesê, voor hy by hom kon uitkom? Is dit reg? ['n Broer sê: "Een-en-twintig."—Red.] Een-en-twintig dae, dis reg, dankie, meneer, een-en-twintig dae. Een-en-twintig dae voor hy daar kon kom, maar Hy het hom gehoor.

28 En elke keer wat jy na God toe beweeg met geloof, weet God dit. Sien? Moet net nie bekommerd wees nie, wees baie vol geloof en hou net aan glo.

29 Nou, vanaand gaan ek probeer, as die Here wil, om te praat oor 'n evangelistiese tipe van 'n boodskappie, wat op my hart blyk te wees. Ek het vir julle gesê ek gaan vanaand praat oor: *Die magtige Oorwinnaar*. Dis 'n boodskap wat ek eenkeer tevore iewers gepreek het. Ek dink dit was in die suide, en ek het net nie soveel stem om dit te doen nie. So, julle sal my vergewe dat

ek daardie belofte gemaak het, en ek bid dat God sal, want ek het nie die stem om dit te doen nie. Dis nie dat ek 'n verkoue het nie, hierdie is iets oor die twintig aande agtermekaar.

30 En niemand weet wat daardie visioene vir jou doen nie, hulle skeur jou net aan stukke. [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] (Verskoon my.) Miskien voor ek dit doen, terwyl ons net 'n klein groepie is vanaand, wil ek graag probeer verduidelik wat dit is, na die beste van my wete. Wil julle graag hoor my, wat ek daarvan dink? Goed. Ons sal dit net neem in kindervorm.

31 Daar's 'n groot karnaval wat stad toe kom, en daar's hierdie twee sterk mans wat hier sit, en ek, of, wat daar staan, maar ons het nie geld om in te gaan en die vertoning te sien nie. En dit is net dat hulle kort, sterk manne is wat water vir die olifante kan dra, en ek's 'n lang, maer man, en—en ek—ek kon nie daardie groot emmers water dra nie.

32 Wel, daar's toevallig, waar ons staan, 'n kwasgat daar ver bo. Nou, daardie klein, kort outjies sou nooit daarbo kom om deur daardie kwasgat te kyk nie, maar ek kan. Sien, God maak elke mens net soos Hy hom wil hê; ek's so bly daaroor.

33 Christelikheid is gebaseer op opstanding, ons weet dit. Nie. . . Wel, as jy hier na die aarde toe gaan as 'n swart-kop vrou, sal jy 'n swart-kop vrou opwek. Jy sal nie opstaan. . . Jy sê: "Wel nou, as dit is wat afgaan, in die opstanding moet daardie selfde opkom." Nie *hierdie* neem, en. . . dis vervanging, dis nie opstanding nie. *Opstanding* is om dieselfde Jesus op te bring wat afgegaan het, dieselfde Persoon.

34 Sien, God, Hy's nie Sears en Roebuck se Harmoniehuis nie, God het dinge, Hy's 'n God van verskeidenheid, Hy hou van mense so rooi-kop, swart-kop. Dit lyk net asof hulle daar onder in die suide, dit kon verstaan van segregasie. God het mense wit gemaak, Hy het hulle swart gemaak, Hy het hulle geel gemaak, het hulle bruin gemaak, het hulle uitgelos. Hy het rooi blomme, wit blomme, pienk blomme gemaak, Hy het hulle gemaak om. . . Hy het groot berge, klein bergies, woestyne, woude, groot bome, klein boompies gemaak; Hy het dinge gemaak soos *Hy* dit wil hê. En dis hoe om dit uit te los, jy begin lol met die natuur, verdraai jy dit, los dit net soos dit is, dis altyd beter.

35 En by hierdie groot karnaval, as ek deur hierdie kwasgat gekyk het, nou, hier's hoe ek dit moes doen. Ek spring ver op, en neem my hande, en kry dit beet en swoeg, ek kyk in, ek het weer afgegaan.

"Wat het jy gesien, Broer Branham?"

"'n Olifant."

"Is dit al wat jy gesien het?"

36 "Nou, wat wil jy sê, Broer Branham?"

37 Hier's wat dit is: Toe Jesus op aarde was, was Hy God gemanifesteer in die vlees. Ons het die Gees ten dele, Hy het dit gehad sonder enige sekere deel, die hele volheid van die Godheid het liggaamlik in Hom gewoon. Hy was nie net 'n Mens nie, Hy was God.

38 Daar's soveel mense vandag wat hou van . . . Ek wil net 'n oomblik hier stop voor ek by hierdie onderwerp kom. Daar's soveel mense wat Hom net 'n profeet wil maak; Hy was óf God, óf die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het.

39 Ek het met 'n vrou gepraat hier nie lank gelede nie, wat was . . . Ek noem nie mense se godsdienste nie, maar julle sal weet wat dit is deur wat ek sê. Hulle sê hulle glo in genesing, maar hulle glo nie dat Jesus meer as net 'n filosoof was nie, en dis 'n sosiale evangelie. Hulle het gesê: "Hy was 'n goeie man, hy—hy was 'n goeie leraar, maar hy was nie Goddelik nie." Wel, Hy, sekerlik, Hy was Goddelik! Hy was die God van die profete.

Hierdie dame het vir my gesê, sy het gesê: "Mnr. Branham, as . . . Jy spog te veel met Jesus."

Ek het gesê: "Ek verskil van jou, ek kan nie genoeg spog nie."

Sy het gesê: "As ek vir jou bewys dat hy niks anders as 'n man was nie . . . Jy maak hom Goddelik."

Ek het gesê: "Hy was Goddelik."

"O," gesê: "hy was 'n leraar."

Ek het gesê: "Hy was God."

En sy het gesê: "As ek vir jou bewys dat hy niks was deur 'n . . . behalwe 'n man nie, deur die Skrifte, sal jy dit glo?"

Ek het gesê: "As die Skrif so sê."

En sy het gesê: "Johannes die 11de hoofstuk, toe Jesus afgegaan het na die graf van Lasarus, het die Bybel gesê hy het geween."

Ek het gesê: "Dis reg. Wat het dit daarmee te doen?"

Sy het gesê: "Wel, as hy gehuil het, was hy 'n man."

40 Ek het gesê: "Hy was 'n mens toe Hy geween het, maar toe Hy by daardie graf gestaan het waar 'n man vier dae dood was en gesê het: 'Lasarus, kom uit,' en 'n man wat al vier dae dood was, op sy voete gestaan en weer gelewe het, was dit meer as 'n mens."

41 Hy was 'n mens toe Hy van die berg afgekom het, soos ons gisteraand gepreek het, honger, iets wou hê om te eet, was Hy 'n man, maar toe Hy vyf broodjies en twee stukkies vis geneem het en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n man. Reg.

42 Hy was 'n man toe Hy aan die agterkant van daardie bootjie gelê het een aand, rondgegooi soos 'n bottelprop in 'n storm, tienduisend duiwels van die see het gesweer hulle sou Hom

verdrink, Hy was so moeg en uitgeput dat selfs die golwe Hom nie wakker gemaak het nie, Hy was 'n mens toe Hy geslaap het, maar toe Hy Sy voet op die rand van daardie boot gesit het, opgekyk en gesê het: "Swyg, wees stil," en die golwe Hom gehoorsaam het en die winde Hom gehoorsaam het, was dit meer as 'n mens.

43 Hy was 'n mens toe Hy op Gólgota uitgeroep het: "My God, waarom het U My verlaat?" Hy was 'n mens toe Hy gesterf het, maar op Paasoggend, toe Hy die seël gebreek, en die steen weggerol, en weer opgestaan het, het Hy bewys Hy was God.

44 God was in Sy Seun, Hy het die Gees sonder dele gehad, ons het Dit ten dele. Maar as jy 'n klein dippertjie water uit die hele oseaan geneem het, dieselfde chemikalieë wat in die oseaan is, sal in die water wees, die dipper vol.

45 So let op, toe God Sy gawe wou gebruik, het Hy vir Jesus gesê . . . Nou, onthou, Hy het gesê: "Ek doen niks totdat My vader My wys wat om te doen nie, Ek die Vader sien doen," Johannes 5:19. Het julle dit gelees vandat ons in die diens was? Johannes: "Voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so."

46 Die Vader het Hom weggestuur van die huis van Martha, en Maria, Lasarus af, en Hy het 'n reis onderneem. En hulle het Hom laat weet om te kom toe Lasarus siek geword het, Hy het dit geïgnoreer, aangegaan. Hulle het weer laat weet, en Hy het dit geïgnoreer, aangegaan. En uiteindelik het Hy omgedraai, en Hy het gesê: "Lasarus is dood. En om julle ontwil, is Ek bly Ek was nie daar nie." Hoekom? Hy het geweet wat gaan gebeur. Hy het gesê: "Maar Ek gaan om hom wakker te maak."

47 Hou Hom dop by die graf: "Vader, Ek dank U dat U My alreeds gehoor het, maar net vir diegene wat hier staan, het Ek dit gesê.

"Lasarus, kom uit." En daardie man het op Sy voete gestaan en weer gelewe.

48 Hy het nooit iets gesê van swak wees, dat daar krag van Hom uitgegaan het nie, maar toe 'n vrou Sy kleed aangeraak het, het Hy gesê: "Daar het krag van my uitgegaan." Wat is die grootste wonderwerk: Om 'n man op te wek, wat vir vier dae dood was, of 'n bloedvloeiing van menopouse te stop? Een van hulle het Hom swak gemaak. Hoekom? Dit was nie God wat Sy gawe gebruik het nie, dit was die vrou wat God se gawe gebruik het. Sien? Op hierdie manier het die Vader Hom gewys wat om te doen, Hy het gegaan en dit gedoen; en op hierdie ander manier was die vrou. Nou, Hy het nooit gesê: "Ek het 'n visioen gesien, jy gaan gesond word," nie. Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered."

49 "Jou geloof: Nie wat Vader My gewys het nie, maar waarvolgens jy opgetree het." Dis wat Hom seergemaak het.

50 Nou hier is dit: Goed, julle spring op, kyk; dis wat die vrou doen, dit trek, dit raak nou. Iemand kom na die platvorm toe, staan daar, jy span jou in, dis 'n gawe. Wie gebruik dit? Nie ek nie, jy's, jy's die een wat dit doen. En jy sit daar, jy sê: "Ek glo dit," jy dit regtig onder in jou hart bedoel, dan trek dit krag.

51 Wat gebeur? Ek trek op: "Jy het 'n kanker." Dis reg. Sien? Dan kyk ek rond. Glo dit steeds nie, julle het gedink ek het dit geraai. Sien? Wel, ek sal weer moet teruggaan. Ek spring weer op: "En jy het TB ook. Sjoe!" Dis reg. Sien? Dit spring nie—dit spring nie, dit werk nie onder die Amerikaanse mense, soos dit op ander plekke doen nie.

52 Eenkeer soos daardie in Afrika, Indië, het die hele . . . hulle hoop net hulle krukke op, en dinge, en gaan aan, hulle het dit gesien, hulle glo dit. Sien? Maar ons wonder: "Waaroor gaan dit alles?" Sien, dis wat my doodmaak in hierdie Amerikaanse dienste. Sien?

53 Wel, gaan weer terug, hou dit met die punt van jou vinger, kan net skaars deur die kwasgat kyk, as't ware, die visioen, "Uh, jy's Mejuffrou *So-en-so*. Jy kom vanaf . . . Uh! Ja, ja." Dis reg. Loop oor die platvorm. Jy's alreeds swak. Sien? Nou, dis hoe dit werk.

54 Nou, wat as jy gesit het in die hotel, soos pas gebeur het, of êrens anders, en hier kom die ringmeester nou met die ring, hy sê: "Waarna kyk jy? Wil jy binnekant sien?" Tel my op, en sê: "Daar het jy dit," yslike groot, sterk man: "sien hierdie tente wat hier oorkant opgeslaan is? Hulle gaan hier ondertoe en doen *dit*, dis *hier* oorkant, *hierdie* kant, *daardie* kant toe." Wel, ek sit net in sy hand, gaan sit, ek weet wat aan die binnekant aangaan. Sien? Hy het my opgelig. Dis hoe dit is wanneer visioene net kom soos wat God dit wil gebruik. As Hy sê: "Gaan na 'n sekere plek toe . . . "

55 Hier onlangs, het julle dit in julle koerant gesien. Ek reken dit was op die Verenigde Pers, oor die wonderwerk, 'n man in Denver, hulle het nie geweet wat . . . die mistieke wonderwerk nie. God Wat weet! Ek was in my kamer, ek het 'n man gesien waar daar 'n horlosie was, en Hy was in 'n rolstoel, dit het geskree, ek het na die ou horlosie gekyk en dit was net presies tien minute oor drie, en ek het by 'n tien-sent winkel gestaan, en ek . . . Dit het gesê: "Gaan naby daardie man."

56 En toe, toe ek naby hom gegaan het, het hy 'n Bybel gedra, het 'n Bybel in sy hand gehad, liewer, en ek het hom gevra of hy Dit glo, hy het gesê: "Ja." En ek het hom aan die hand geneem, hom opgelig, hy was genees. Ek het die manier gesien om weg te kom.

57 Toe het Hy gekom, ek het 'n—'n—'n baba gesien, dit het sterwend gelê. En die dokter het uitgegaan, ek het opgelet hy het in 'n grys motor geklim, hy het 'n snor gehad, en daar was 'n hek daar, reg agter die hek het daar 'n skoffel gelê. Ek het my hoed op die televisie neergesit soos ek in die kamer ingegaan het,

daar was dame met 'n rooi trui aan, een met 'n bruin jas, hulle het gehuil, en Hy het gesê: "Gaan na die baba toe." En ek het gegaan, hande op die baba gelê, dit het gesond geword.

58 Toe ek uit die visioen uitgekom het, het ek ingegaan, ek het vir my vrou gesê: "Skat, soek op, of jy enigiets van 'n baba sien, of van 'n man in 'n rolstoel wat hier neergeskryf is."

"Nee."

59 Ek het die kantoor gebel: "Hoeveel vliegtuigkaartjies is daaronder in?"

"O, vyf of ses."

"Wat lees hulle?"

60 Hulle het vir my gesê op *hierdie* manier, kom *hier*, of *daar*; ek kon niks voel nie. Wel, ek het dit laat gaan vir omtrent, ek reken, twee weke of langer, naderhand, het 'n man 'n kaartjie vir my gestuur om na Denver toe te kom, en toe ek oorkant by Denver gekom het, het ek gelei gevoel dat ek na Denver moes gaan, ek het gegaan, vir die man gebid. Ek weet nie wat met hom gebeur het nie, ek het net soontoe gegaan, hy was 'n teringgeval, was daarbuite, was in die sanatorium, soldaat.

61 So ek het gedink: "Wel, ek sal nou net wag, ons is hier in die stad en dit gaan vyf-dertig wees voor ek vertrek op die vliegtuig, so ek gaan bietjie rondkyk in Denver."

62 En so, het ek in die straat afgeloop, net soort van aangeloop soos *hierdie*, en meteens het ek 'n vrou hoor huil, en ek het opgekyk, en ek het die dokter gesien met sy klein tassie in sy hand, gesê: "Goeie dag," en begin uitstap.

63 Ek het gedink: "Ek het daardie man iewers gesien. Snor, grys pak, daardie kar, en hy het uitgekom, hek." En ek was baie naby, binne omtrent tien voet van hom af, hy het oorkant toe gekyk, ek het gesê: "Aangename kennis, Dokter?"

64 Hy het gesê: "Aangename kennis?" Hy het gestop, omgedraai, gedink . . . Ek reken, gewonder hoe ek geweet het hy is 'n dokter. Wel, ek was geduldig. Hy het nooit niks gesê nie, in die kar geklim en weggery.

65 Ek het gedink: "Here, as daardie skoffel agter die hek lê, is dit reg." En ek het soontoe gegaan en gekyk, daar het die skoffel gelê, dit was dit. Reguit opgeloop met die trappe, aan die deur geklop, dame het na die deur toe gekom, sy het haar rooi trui aangehad, en ek het gesê: "Het jy 'n siek baba wat longontsteking het?"

"Ja, meneer." En gesê: "Die dokter het so pas gesê daar was geen hoop daarvoor nie."

Ek het gesê: "Ek's 'n prediker, my naam is Mnr. Branham. Ken jy my, of ooit van my gehoor?"

Sy het gesê: "Nee, meneer, ek glo nie so nie."

Ek het gesê: "Is jy Christen?"

Sy het gesê: "Nee, meneer, ons is nie, ons gaan nie kerk toe nie." Sy het gesê: "Ons behoort te, ek weet."

Ek het gesê: "Kan ek instap en 'n woord van gebed doen vir jou sterwende baba?"

Sy het gesê: "Jy kan beslis, ek sal bly wees as jy dit doen, meneer."

66 Ingestap, maar daar was geen dame daar met 'n bruin jas aan nie. Ek het my hoed op die televisie gelê, ek het 'n paar minute gewag. Wel, ek . . . Sy het gewonder hoekom ek nie gaan bid nie, maar ek kon niks sê nie, ek moes wag vir die dame met bruin jas aan. Nou, dis net hoe eenvoudig dit is.

67 Ek het daar gewag, ek dink, 'n halfuur met haar gepraat oor die Here, ensovoorts. En toe, naderhand, was daar iemand wat aan die deur geklop het, en die dame met die bruin jas aan het ingekom, maar sy was veronderstel om aan *daardie* kant te sit, en die dame met die rooi trui aan onder aan *hierdie* kant, en dit het hulle plek omgeruil gehad. Steeds kon ek niks sê totdat hulle alles in posisie het nie; die visioen moet volmaak wees.

68 Toe het ek gesê: "Nou, dame, jy mag gewonder het waarom ek gewag het, hierdie is 'n visioen, jy mag dalk nie verstaan wat ek sê nie, maar hou net jou baba 'n oomblik dop."

69 Soontoe gegaan en vir die baba gebid, en die kêreltjie het begin skree en tekere gaan. Die moeder het dit laat opkom, binne tien of vyftien minute het dit rondgespeel op die vloer, die koors het dit alles verlaat en alles, sy het sy koors geneem. En daar het ek albei van hulle na Christus toe gelei op die vloer.

70 Ek het uitgegaan, in die straat begin afgaan, ek het gedink: "Dankie, Here, ek sien nou." En ek het net 'n klein entjie gegaan, totdat ek net gedink het: "Wat was die res van daardie visioen? Dit was iets." En terwyl ek daar gestaan het, het ek 'n horlosie drie-uur hoor slaan. En ek het om die hoek geloop langs die tiensent winkel, en daar was daardie ou horlosie daar oorkant op daardie toring, ek het gedink: "God, ek het tien minute om net hier te wag."

71 En toe ek daar gewag het, het tien minute gekom, aan die einde van die tien minute toe dit gekom het, het ek iets hoor skree wat kom, dit was 'n man wat gehuil het, wat in 'n rolstoel gesit het, en 'n dame wat hom gestoot het, het 'n Bybel in sy hand gehad. Perfek, daar was dit.

72 Ek het gesê: "Glo jy daardie Woord, meneer?"

Hy het gesê: "Met my hele hart." Gesê: "Ek's 'n Christen."

Ek het gesê: "Die Bybel sê, dat jy lees, dat Jesus die siekes genees het in Sy dae."

Hy het gesê: "Ja, meneer. Ek het dit pas gelees."

Ek het gesê: "Is Hy nie dieselfde vandag nie?"

Hy het gesê: “Ja, meneer, Hy is.”

Ek het gesê: “Glo jy dit?”

Hy het gesê: “Met my hele hart.”

Ek het gesê: “Staan dan op, Hy het jou genees.”

73 En hy het opgespring en begin skree. Ek het gehardloop, deur die tien-sent winkel gegaan, uitgegaan, en af in die stegie, en weer oorgegaan, en ’n huurmotor gekry, uitgegaan na die stasie toe. ’n Groot stuk van die Verenigde Pers: *Mistieke Genesing In Denver*. Hulle weet nog nie. Sien? Dis reg. Maar die Here God het dit gedoen. Sien?

74 Nou, dit het my glad nie swak gemaak nie, maar staan hier waar jy moet trek en swoeg, sien, dis jy wat God se gawe gebruik, ek het niks daarmee te doen nie. Dis God s’n, dis nie myne nie, dis God s’n; jy kan dit gebruik, of Hy gebruik dit, daar is dit. Verstaan julle nou? Dis wat swakheid veroorsaak, en as jy die Bybel sal dophou, dit vergelyk met destyds in die Skrif en kyk of dit nie net presies die waarheid is nie.

Laat ons nou bid.

75 Here, wees nou met ons, en soos ons gemeenskap hou rondom die Woord, net moeg vanaand, Here, ek kan skaars hier staan, maar ek bid dat U my nou sal help om die Woord te preek. In die Naam van die Here Jesus. Amen.

76 In die 63ste Psalm, wil ek nou graag vir ’n Skrifles lees. En ons verwag om uit te wees binne die volgende dertig of veertig minute.

O God, u is my God; u soek ek: my siel dors na u, my vlees smag na u in ’n dor en dorstige land, waar daar geen water is nie;

Om u krag en u heerlikheid te sien, . . . soos ek dit *in* U *heiligdom gesien het.*

Want u goedertierenheid is beter vir my *as die lewe, my lippe sal u prys.*

77 Luister na die profeet hier in die 2de vers:

Om u krag en u heerlikheid te sien, . . . soos ek dit *in* U *heiligdom gesien het.*

78 Maar my onderwerp vanaand is: *Lewe*.

79 En die lewe is wat ons beheer, die lewe is wat vir jou jou emosies gee, En dan, deur jou lewe weet almal wat jy is.

80 Het onlangs ’n begrafnispreek gepreek, ek het gesê: “Dis nie nodig dat ek enigiets sê oor hierdie man se lewe nie, ek wil preek vir julle wat lewe, wat nog hierby moet kom. Elkeen van julle, is grootgemaak en het gelewe en gesterf in hierdie buurt, jy het jou besluit gemaak wat jy van hom gedink het.” Sien?

81 Lewe, wat is groter? Jou emosies maak op wat jy is, is jou lewe. En watter soort karakter moet ons wees as ons aanspraak maak om Ewige Lewe te hê? Nou, daar's net een tipe Ewige Lewe, en dit is God se Lewe. Dit was die groot Gees in die begin, die sewe Geeste van God soos die sewe reënboogkleure; elke gees kom daarvanaf, verdraaides, kom af.

82 Die Griekse woord vir Ewige Lewe kom van die woord *Zoe* wat beteken: "God se Eie Lewe." En dis 'n . . .

83 Die liefde van God word *Agapao* genoem wat beteken: "God se liefde." Die liefde wat jy vir jou vrou het, is *phileo*, phileo liefde, dis menslike liefde. Hier's 'n verskil tussen hulle, jy maak hulle so deurmekaar, soos geloof en hoop, hulle raak deurmekaar: liefde, die soort liefde wat jy vir jou vrou het, word phileo liefde genoem, en daardie liefde sou jou jaloers maak, dat as 'n man haar sou beledig, jy hom in sy spore sou skiet, dis wat phileo liefde sou doen, jy het haar lief met daardie soort liefde; maar Agapao liefde sal jou laat bid vir sy sondige siel. Dis die verskil. Sien?

84 Nou, daar's lewe. Daar's een soort Ewige Lewe en dis God se Lewe. En wanneer jy dit ontvang, het jy Ewige Lewe. Maar *lewe* het baie interpretasies soos dit afkom.

85 Daar's liefde, Agapao liefde, phileo liefde, wellus; sien, jy hou net aan afgaan, afgaan tot by die laagste van laag. Maar dit alles het 'n begin gehad so dit sal 'n einde hê; maar daardie dinge wat geen begin gehad het nie, het geen einde nie. So God het geen begin gehad nie, en Sy Lewe het geen begin gehad nie, en dit sal geen einde hê nie. En as jy Ewige Lewe het, dan het jy geen einde aan Ewige Lewe nie, dis vir altyd. En jou karakter word bewys deur die lewe wat binne-in jou is.

86 'n Tyd gelede het 'n slawe-koper onder in die suide, baie jare gelede, verbygegaan om slawe te koop op . . . hulle sou na die ou plantasies toe gaan en hulle sou sê . . . Hulle sou slawe koop, menslike lewe, net soos jy 'n gebruikte motor by 'n perseel sou koop, 'n makelaar. En hulle sou hierdie groot slawe gaan koop, en groot gesonde slawe, miskien, en mans, teel hulle soos beeste met groot, gesonde vroue, bring yslike groot, fris slawe voort. Broer, dis verkeerd!

87 En toe eendag, het daar 'n makelaar by 'n sekere ou plantasie aangekom, en hy het gesê: "Hoeveel slawe het jy hier?"

Hy het gesê: "Meer as 'n honderd."

Gesê: "Kan ek hulle deurkyk?"

Gesê: "Help jouself."

88 En hy het deur die dag gebly, en hy het die gedrag van die slawe dopgehou, en hoe hulle hulleself gedra het, of hulle goeie werkers was, óf of hulle nie was nie. En soos die dag verbygegaan het . . .

89 Julle sien, die slawe was weg van die huis af, weg van pappa, mamma af, die Boere het hulle in Duitsland gekoop, of, Afrika en hulle hiernatoe gebring en hulle as slawe verkoop. En partymaal moes hulle hulle slaan om hulle te laat werk. Hulle geliefdes was oorkant die see, hulle sou hulle nooit weer sien nie, hulle moes hier sterf in slawerny, dis al wat hulle geken het en hulle was jammer, en hulle—hulle moes hulle slaan om hulle te laat werk.

90 Maar hulle het een jong slaaf opgelet, hulle hoef hom nie te geslaan het nie, bors uit, ken op, net *nou* op die oomblik. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] En daardie makelaar het gesê: "Ek wil daardie slaaf koop."

Die eienaar het gesê: "Maar hy's nie te koop nie."

Hy het gesê: "Wat maak hom soveel anders as die res van hulle?" Hy het gesê: "Wel, miskien is hy die baas oor die res van hulle."

Die eienaar het gesê: "Nee, hy's net 'n slaaf."

Hy het gesê: "Wel, miskien voer jy hom beter as wat jy vir die res van hulle voer."

Hy het gesê: "Nee, hulle eet almal saam buite in die kombuis."

Hy het gesê: "Wel, wat maak hom soveel anders as die res van hulle?"

91 Gesê: "Ek het self altyd gewonder, totdat ek uitgevind het wat die waarheid was." Gesê: "Daardie seun, oorkant in die tuislande is sy pappa die koning van die stam, en hy weet dat hy 'n koning se seun is, en al is hy 'n vreemdeling en weg van die huis af, tog, gedra hy homself as 'n koning se seun."

92 Wat behoort die Kerk te doen vanaand? Alhoewel in 'n blinde wêreld van sonde en chaos, behoort ons onsself as seuns en dogters van God te gedra.

93 Toe ek hierdie Skrifvers gelees het, het ek gedink: "Wat kan die profeet bedoel? Dis 'n ongewone teks, 'U goedertierenheid is beter as die lewe.'" Ek het gedink: "Daar moet baie interpretasies aan die *lewe* wees. En dit kan nie die lewe beteken wat ons nou in die vlees leef nie, want daardie lewe het hartseer, daardie lewe het verdriet, en daardie lewe raak soms so erg, dat mens 'n pistool wil neem en sy brein uitblaas. So dit kon nie die lewe wees waarvan hy gepraat het nie, dit moet 'n ander Lewe wees waarvan hy praat. Daardie lewe raak so ellendig dat mense op 'n hoë toring klim, en afspring, en selfmoord pleeg. Hulle neem gif, tiene van duisende per jaar oor die Verenigde State, waar ons teen die hoogste lewenstempo behoort te leef.

94 "So dit moet nog 'n interpretasie hê, en dit sê hier: 'Want U goedertierenheid is beter as die lewe. En my siel dors na U. Soos ek U krag in U heiligdom gesien het. In 'n dor en dorstige land; dors my siel na U, om U goedertierenheid te sien wat vir my

beter is as die lewe.' Dan hierin wat ons vandag *lewe* noem, dit het soveel teleurstellings."

95 'n Tyd gelede het ek 'n diens gehou in 'n groot stad in Kanada, en in hierdie sekere diens het daar 'n Amerikaanse groep daar opgekom om een of ander soort van 'n—'n jubileum van 'n sekere losie in Amerika te vier. En ek het opgelet soos hulle ingekom het daardie dag, hulle was besig om te drink; en dit het my amper skaam gemaak vir my eie land. En daardie aand, toe ek die arena verlaat het en huis toe gegaan het in hierdie yslike groot hotel, het ek opgegaan na omtrent die tiende of vyftiende vloer, en daar was oral op die hysbak whiskybottels opgestapel. En onder in die voorportaal het hulle gedrink en tekere gegaan, en soos ek die hysbakseun gevra het, het ek gesê: "Wat is dit alles?"

Gesê: "Hulle geniet dit beslis."

96 En so toe hulle my laat afsak het op my vloer, het ek langs die kant afgeloop, en ek het 'n geraas gehoor aan die bopunt van die gang. En ek het gekyk en daar het twee jong, Amerikaanse vroue gestaan met net hulle onderklere aan, net so dronk as wat hulle kon wees, albei van hulle was dalk getroude vroue, want hulle was vroue in hulle dertigs, net met die onderklere aan, 'n bottel whisky, wat afkom deur daardie saal, en mans wat hulle van kamer tot kamer sleep.

97 Moeders, wat "'n bietjie onskuldige pret" gehad het. Hulle man dalk by die huis wat die babas oppas, of een of ander gehuurde kind sorg vir hulle kinders. God het julle daardie kinders gegee om self vir hulle te sorg en dis julle verantwoordelikheid aan God. Ons het nie jeugmisdaad nie, dis ouermisdaad. Party moeders het hulle pligte versaak, hulle wil uitgaan na kroeë toe, en aangaan, en heelnag lank rondloop, en hulle kinders laat groot word, geen wonder hulle word groot in daardie neurotiese eeu nie. God het vir jou daardie kind gegee om groot te maak, en om voor te sorg.

98 En hierdie vrou, soos sy verbygestrompel gekom het, albei van hulle, en hulle het in die middel van die vloer gestop, hulle rompies opgetrek, en hulle bene in die lug opgegooi, en geskree: "Whoopee!" Gesê: "Dit is die lewe!"

99 Ek kon dit nie langer uithou nie, ek het reguit uit die plekkie uitgeloop waar ek gestaan het, ek het gesê: "Net 'n oomblik, dames, ek wil met julle praat. Julle het dit verkeerd geïnterpreteer, julle het gesê: 'Dit is die lewe.'"

Gesê: "Vat 'n sluk!"

Ek het hulle aan die skouers gevang, ek het gesê: "Is jy 'n getroude vrou?"

Sy het gesê: "Wat het dit met jou te doen?"

Ek het gesê: "Ek wil jou graag vra. Is jy 'n getroude vrou?"

Sy het gesê: "Sekerlik," gesê: "ek het net 'n bietjie pret."

100 Ek het gesê: "Die Bybel het gesê: 'Sy wat in plesier lewe, is dood terwyl sy lewe.'" Ek het gesê: "Ek's 'n prediker van Amerika, ek's hier oorkant in hierdie ys-arena, en julle bring skande oor die einste naam van Amerika en oor moederskap! Skaam julle julle nie? Waar is julle mans?"

101 Hulle het begin skeel kyk, en na mekaar gekyk. En hulle het begin wegtrek, ek het hulle arm vasgehou. Ek het gesê: "Net 'n oomblik. Wat gaan julle doen wanneer julle God ontmoet? Wat as julle onder hierdie dronk deurmekaarspul vanaand, sterf in hierdie toestand? Wat sal met julle gebeur? Jy sê jy het lewe, jy's dood in sonde en oortredinge!" En hulle het van my arms afgeruk, en af in die gang het hulle gegaan, skaars enige klere aan, en weg uit my sig uit.

102 Dink julle dis die lewe? Dis die dood. Wat laat 'n mens dors om dit te doen? Wat laat 'n persoon dit wil doen? Is omdat God hulle so gemaak het, God het 'n mens gemaak om te dors, Hy het *soveel* in 'n mens gemaak om te dors, maar God het daardie dors na Hom gemaak, en die duiwel verdraai dit van Ewige Lewe na die dood, en maak jou so. Die rede waarom jy na daardie dinge smag, is omdat jy die duiwel die plek gee wat God behoort te wees. O, hy's goed daarmee.

103 Jy gaan dors na iets, want jy is gemaak om te dors, God het jou gemaak om te dors, en jy probeer dit bevredig met die dinge van die wêreld. En die Bybel het gesê: "As jy die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in jou nie." Jy probeer daardie salige, heilige ding bevredig met drink, films kyk, dobbel, danse, dit alles is die loon van die dood, jy het geen reg om dit te doen nie. Luister na my as julle broer: Die duiwel het uitoorlê met iets, en julle weet dit nie.

104 Wat het met ons mense gebeur? Wat het met ons kerke gebeur? Ek kan julle wys hoe daar nie een arm persoon in hierdie dorp sal wees binne 'n jaar van vandag af nie, daar sal nie een vuil huis in die stad wees nie: Laat die mense wat hulleself Christene noem, die geld neem wat hulle op whisky, bier, en sigarette spandeer, en dit bymekaarsit, julle sal alle depressies beëindig.

105 Tel dit op, hoeveel daar is, en hoeveel geld elke jaar op sigarette spandeer word. Waarom kan hulle hierdie yslike groot pryse weggee, en dinge, dit van die regering afslaan? En die dokters sê die heeltyd dat dit geheel en al kanker, kanker, kanker is, en hierdie vroue van Amerika sluk dit die heeltyd in hulle keel af. Jy dink jy het 'n lekker tyd, nie waar nie?

106 Ek praat nie met Christene nie, ek praat met julle wat dink julle is Christene. Wat het met ons kerke gebeur? Laat ons net 'n oomblik daardeur gaan, kyk wat . . . hoe . . . wat 'n besigheidsman die duiwel is.

107 Dit was altyd 'n lang tyd gelede dat al ons modes van Parys af gekom het, nou kom dit nie van Parys af nie, Parys kom

na Hollywood toe om dit te kry. Dit was altyd gewees dat dit verkeerd was vir julle om na filmvertonings toe te gaan, julle heiligheidsmense, en daardie slegte toneelstukke te sien, maar die duiwel het jou geklop daarmee, hy het dit op die televisie gesit, dit reg in jou eie huis gesit. Dis reg.

108 Geen wonder dat julle klein kindertjies daarbuite het dat polisie offisiere doodgeskiet, en gesteek word, en alles, wat op die hoek staan met twee gewere en alles nie, hulle sien daardie goed, hulle word daarin grootgemaak.

109 Dis tyd dat die kerk sy posisie inneem en uit die dinge van die wêreld uitkom, julle weet dit. Dit was altyd dat dit verkeerd was vir Christenvroue in die heiligheidsgroepe om kort hare te dra. Wat het gebeur? Ek kan onthou toe jy nie in die kerk ingeneem kon word met kort hare nie; dit was verkeerd in die eerste plek, dis nogsteeds verkeerd. Die Bybel het gesê dat, as 'n vrou haar hare sny, het haar man 'n reg om van haar te skei en van haar af weg te kom. Dis presies reg. Waarvoor doen jy dit? Om modes te volg.

110 Nou, julle gaan nie hierna van my hou nie, maar by die Oordeelsbank, gaan julle iets uitvind: Die Bybel het gesê as 'n vrou haar hare sny, onteer sy haar hoof, wat haar man is, as sy 'n oneerbare persoon is, moet sy verstoot word. Dit was altyd verkeerd, maar daar het iets gebeur.

111 Heiligheidsvroue wat hierdie klein ou kleertjies dra en hier uitgaan in die agterplaas, hulle gras sny, op-en-af loop in die strate met kortbroeke aan, laat julle kinders dit doen! Dan sê julle: "God, stuur vir ons 'n herlewing." Hoe sou God ooit 'n herlewing op 'n klomp vieslikheid sit? Kan dit nie doen nie. Nou gaan julle uitvind waarom ons nie 'n herlewing het nie. Waarom het julle dit gedoen? Julle sien, die wêreld het begin inkruip.

112 Baie mense wat hulleself Christene noem, sal by die huis bly op Woensdagaand van biduur af om hierdie ou *Ons Is Lief Vir Susie* te luister, of allerhande soorte onsin soos daardie, in plaas van om na 'n kerk toe te gaan, wys wat aan jou binnekant is. Waarna jy dors, dis jou karakter, jou gedrag.

113 En julle vroue, om tienuur in die oggend, wanneer julle biduur behoort te hê, luister julle na 'n ou goddelose ding soos Arthur Godfrey met sy ou vuil grappe, en goed, met daardie klomp vroue, en dan noem julle julleself Christene. Gaan voort. Dis die waarheid.

114 Jy sê: "Broer Branham, ek dra nie kortbroek nie, ek dra langbroek."

115 Dis erger! Die Bybel het gesê dat 'n vrou wat mansklere sal aantrek, dis 'n gruwel in God se oë, en God verander nie. En jy dra hierdie ou rompies wat so styf is, wat in die straat afgaan so styf, dat die vel aan die buitekant is, en julle noem julleself: "Heiligheidsvroue." Is dit hoe 'n dogter van God sou optree?

116 Luister, jy sê: "Prediker, dis die enigste soort klere wat hulle verkoop."

117 Maar hulle maak steeds naaimasjiene en verkoop hulle, jy het geen verskoning nie. En behalwe dit, verkoop hulle steeds materiaal sodat jy jou klere kan maak. Ek weet dit maak seer, maar dis goed vir julle, dis die waarheid, dis wat die Bybel gesê het.

118 Dit . . . Julle sien, ons kan nie die herlewing hê nie, dis waarom. O, sekerlik, dit maak jou—maak . . . gaan af . . . Maar as dit verkeerd was om mee te begin, is dit nou verkeerd. Iets het gebeur, hier's wat dit is: Daar's geen fondasie om 'n herlewing op te lê nie. Hoe kan jy dit doen wanneer God dit verbied?

119 Nou, julle sê: "Jy's baie hard op ons vroue."

120 Goed, manne, hier is julle: Enige man wat sy vrou daardie soort klere sal laat dra en sigarette rook, dit wys waarvan jy gemaak is, ek het min respek vir jou as 'n man. Jy's veronderstel om die hoof van die huis te wees. Wat het gebeur? Iets het verkeerd gegaan.

121 Nou, en julle vroue, was altyd dat julle nie hierdie manikuur gedra het, of ooit . . . Wat is daardie goed wat julle op julle mond sit? Wat dit ook al is, ek weet niks daarvan af nie; ek sê dit nie as 'n grap nie. Wat ook al die goed is wat jy . . . lippe, lipkleur, wat dit ook al is. Dit was altyd verkeerd vir julle om dit te doen, maar dit is nou beslis algemeen onder julle Pinkstermense. Wat het gebeur?

122 'n Ou Metodiste prediker het altyd vir my gesê, 'n liedjie gesing:

Ons het die standaarde laat sak, ons het die standaarde laat sak.
Ons het toegegee met sonde.
Ons het die standaarde laat sak, die skape het uitgekom,
Maar hoe het die bokke ingekom?

123 Jy het die standaarde laat sak, dis wat dit gedoen het, want jy het 'n swak preekstoel hieragter gehad, met 'n predikertjie wat gedink het sy bediening was 'n etekaartjie, in plaas van 'n opdrag van God. Jy sou hom ekskommunikeer, hom uitgooi as hy enigiets daaroor gesê het; hy behoort uitgegooi te word as hy nie iets daaroor sou sê nie.

124 Luister, dames, hierdie is nie 'n grap nie, maar daar was een vrou in die Bybel wat haarself geskilder het om 'n man te ontmoet. Jy ontmoet God nie so nie. Haar naam was Isébel. Weet julle wat God vir haar gedoen het? Hy het haar vir die honde gevoer. So as jy 'n vrou kan sien wat so heeltemal opgemaak is, kan jy sê: "Daar's Mev. Hondevleis." Dis presies wat God dit

genoem het! Nou, julle weet dis die waarheid. Dis nie grappe maak nie, ek sê julle wat God gesê het.

125 Wat is dit? Sy wil hê die honde van die hel moet skree: "*Wheet-whew!*" Julle weet dis die waarheid. Wat is die probleem? Iets anders het ingekom behalwe die liefde van die Bybel en die liefde van God, daardie plek waar God daarin moes gewees het om Hom eerste plek te gee, en al die plekke, waar jy die wêreld laat inkom het, en jy het begin honger en dors en daardie plek gevul waar God wil vul, met die dinge van die wêreld. Dis wat fout is.

126 Nie lank gelede nie, het ek na Kalifornië toe gery, en ek het 'n sondaarman gehad om my bakkie soontoe te bestuur. En toe ek daar oorkant kom, het een van die groot amptenare gekom. Hierdie man sou die bakkie optrek, het 'n paar boeke afgelaai, ek het nog 'n bakkie gery. En hierdie man was 'n sondaar, hy het 'n sigaret gerook. En een van die yslike, groot manne van die kerk het nadergestap, Hy het gesê: "Wel, Broer Branham, ek is verbaas oor jou!"

Ek het gesê: "Wat's dit?"

Hy het gesê: "Daardie man rook 'n sigaret daar oorkant besig om daardie bakkie af te laai."

Ek het gesê: "Hy's 'n sondaar, hy kry sy geld binne 'n paar minute en sy reis is terugbetaal huis toe. Ek het niemand om my bakkie te bestuur nie."

"Wel," het hy gesê: "ons mense is heiligheidsmense, en ons sal nooit daarvoor staan nie!"

127 Ek het gesê: "Ek's jammer, meneer, ek sal nie 'n struikelblok in jou pad plaas vir niks nie." Ek het gesê: "Die man is 'n sondaar, hy bely niks nie, ek het hom net opgetel op straat, hom gevra of hy 'n werk wou hê, hy het gesê: 'Ja,' Ek het gesê: 'Ry hierdie bakkie Kalifornië toe, en ek sal jou *soveel* per dag gee en jou pad terugbetaal.' Goed, hy het dit geneem. Ek het gesê: 'Wanneer jy die bakkie aflaai, dis al.'" Ek het gesê: "Ek's jammer ek het dit gedoen."

Hy het gesê: "Wel, moet jy nooit weer enigiemand bring wat sigarette rook waar ons mense is, en weet dat—dat jy hulle gehuur het, of enigiets nie."

Ek het gesê: "Ek sal dit beslis dophou van hier af as ek na Kalifornië toe moet stuur om 'n man te kry."

128 So hy het gesê . . . Wel, ons het 'n paar minute begin, ons het na die groot tent toe gegaan, en hy het gesê: "Broer Branham, ek wil hê jy moet my vrou ontmoet." Gesê: "Sy gaan jou pianiste wees gedurende hierdie herlewing."

129 En ek het gesê: "*Wat*?" En sy het baie manikuur gehad, of, kort hare, julle weet, met klein kroesies op, en 'n hele klomp van daardie goed op haar gesig, en yslike groot oorbelle wat afhang,

en 'n rok wat verskriklik gelyk het. En ek het gesê: "Is sy 'n heilige?"

Hy het gesê: "Ja, meneer."

Ek het gesê: "Sy lyk vir my soos 'n onheilige een." Ek het gesê: "Ek het nog nooit in my lewe so-iets gesien nie!" Ek moes hom net sê: "Broer, iets het verkeerd gegaan: 'jy wurg aan 'n muggie en sluk 'n kameel in!'"

130 Iets verkeerd! Daardie geseënde, heilige dors wat God jou gegee het om na Hom te dors, julle het dit verdraai na die dinge van die wêreld en smag na die dinge van die wêreld. Sien waar die kerk is? Iets is verkeerd, ons het die standaarde iewers laat sak.

131 Jy sê: "O, ons word gered uit genade; ek het gedink jy is 'n Baptis."

132 Dis reg, ons word gered uit genade, maar as jy gered is, bewys jou lewe wat jy is. Maak nie saak hoeveel genade jy sê jy het nie, as jou lewe nie ooreenstem daarmee nie, het jy dit nog nie, dis al. Jy kan nie pampoene van 'n wingerdstok kry nie, uh-um, dit dra hulle nie. Die vrugte van die Gees kom nie deur die dinge van die wêreld nie. Nou, julle weet dis die waarheid. Ek wil julle nie seermaak nie, kinders, maar ek wil julle vertel wat dit is.

133 Julle dink julle het 'n lekker tyd, julle het die grootste kerk wat daar in die stad is, julle torings strek tot reg in die lug: "O, ons is beter af, ons het die bes-besoldigde pastoor. Ons—ons het die—die . . . Ons kan vir ons pastoor sorg, ons is beter daaraan toe, ons lewe beter. Ons—ons kan beter klere dra, ons kan assosieer met 'n beter klas."

134 Ek weet nie of julle kan of nie. Die beste dienste wat ek ooit gehad het, was in 'n ou sendingstasietjie onder aan die kant van die straat iewers, waar 'n dosyn saamgekom het met 'n opregte hart. Reg. Ek sal liewer daar wees, enige tyd.

135 O, julle sien hoe maklik, dis omdat hulle die standaarde laat sak het. Die eerste rondte van julle Pinkstermense het goed gevaar, nog 'n rondte kom aan, dit begin verswak, dan kry julle die denominasie stok in die rug: "Ons is Eenheid. Ons is Drieheid. Ons is Vyfheid." Julle is niks, dis presies reg, solank julle dit dink nie.

136 Wanneer jy daardie gedagte in jou hart het, kry dit uit, dit sal jou verkanker, jou siel sal verroes daaroor, omdat jy opgewonde geraak, gepieker en gestry het, en aangegaan het oor jou ou, klein teologieë. As jy Christus in jou hart gehad het, sou dit nooit gebeur het nie, sou julle almal saam koördineer en in een groot groep ingegaan en aangegaan het. Waarom moet die duiwel teen julle veg wanneer julle teen mekaar veg? Hy sit net terug en laat julle julleself doodmaak. Daar het julle dit.

137 Laat sak die standaarde iewers, en jy voed in daardie geseënde, heilige plek in jou hart, julle het die onrein voorwerpe van die duiwel daar ingebring, waar die voorwerpe van die Here moes gewees het, waar die vrugte van geregtigheid behoort te wees met vrede, lankmoedigheid, goedheid, sagtheid, geduld, sagmoedigheid, dis selfsugtigheid, gierigheid, denominasionele grense, beveg mekaar, en dis hoekom julle oorbelle dra, en kort hare, en grimering oor julle gesig, en allerhande dinge soos daardie, dis die rede, dis wat dit gedoen het!

138 Waarby is ons nou? Julle weet dis die Waarheid. Wat ons vandag nodig het, is nie 'n nuwe kerk nie, wat ons vandag nodig het, is—is nie 'n—'n nuwe evangelis nie, wat ons vandag nodig het, is die outydse, Sint Paulus herlewing en die Heilige Gees, en 'n huisskoonmaak al die pad van die preekstoel af tot by die opsigter, reg, uitgevee, skoongemaak. Iemand staan daarbo en sal jou die waarheid vertel, of dit nou sny of nie. Dis reg. God se Woord, skerper as 'n tweesnydende swaard, 'n Onderskeier van die gedagtes van die verstand, Hebreërs 4 sê so.

139 Maar wat het gebeur? Dan probeer die duiwel daardie dors vir jou les: "Wel, John het 'n beter werk. Prys God, ons het gegaan en daardie ou, holy-roller kerk verlaat en ons het na *hierdie* een toe oorgegaan." Sien waarheen julle gegaan het? Goed.

140 Dan is hier nog iets: Die duiwel sal dit probeer bevredig met—met televisie, met drink, met dobbelary, met ongoddelike klere dra, . . . [Leë kol op band—Red.] . . . selfsugtigheid.

141 En ek het in 'n kerk ingegaan hier nie lank gelede nie, hulle wou hê ek moet 'n herlewing hou, en die prediker moes eintlik verdaag na omtrent twintig minute van preek, en al die diakens laat uitgaan om sigarette te rook. Broer! Daar . . . Ons het—ons het een aand 'n herlewing gehad, en die volgende aand is ek uitgegooi. Maar hulle het daarvan gehoor, in elk geval, die bloed is van my hande af. Wat dink julle sou Christus doen as Hy vandag op aarde was? Hy—Hy sou meer as 'n paar toue aanmekaar vleg en hulle uitslaan: "Maak van My huis 'n rowersnes!"

142 En nog iets wat die duiwel probeer doen om daardie dors te les . . . Jy sê: "Wel, ek's baie godsdienstig."

143 Vir 'n vrou gesê hier nie lank gelede nie op die platvorm, ek het gesê: "Is jy 'n Christen?"

Sy het gesê: "Ek sal jou laat verstaan, ek brand elke aand 'n kers!"

144 Dis die krag van Christendom, *sogenaamd*. Jy mag 'n kampvuur brand en dit sal jou nooit help, tensy die Heilige Gees en Vuur aangesteek is in jou hart nie.

145 Ek het 'n man op die Weskus gevra, ek het gesê: "Meneer, is jy 'n Christen?" Ek wou hom net daar vang en hom in sy gesig sê.

Hy het gesê: "Ek's 'n Amerikaner!" Huh!

Ek het gesê: "Dit het nie een ding daarmee te doen nie, nie 'n ding nie."

146 Om deur 'n varkhok te loop, maak jou nie 'n vark nie, dis een ding wat seker is. Jy moet wedergebore word, dan is jou gewoontes anders.

147 Het jy ooit die kraai en die duif geneem? In die ark sit hulle albei op dieselfde slaapplek, een kon net dieselfde plek vlieg as die ander, maar die kraai was tevrede toe sy losgelaat het, het uitgegaan en gevlieg van een ou dooie karkas na 'n ander waar die goggas en dinge geëet het, daar sou sy daarvan eet, was in orde; maar die duif kon geen rus vind vir haar voete nie, sy moes terugkom, sy kon nie daardie ou stank verduur nie.

148 Julle weet, 'n kraai is een van die grootste skynheiliges wat daar is. Jy 'n duif neem, sal afvlieg in die land van koring en koring eet, 'n kraai kan op 'n ou dooie karkas vlieg en sy maag vol eet, en hiernatoe kom en koring ook eet; maar die duif kan nie van die koringland na die dooie karkas kom nie. Nee, meneer.

149 Enigiets wat jou siek maak, is 'n skynheilige, ek sal liewer enige tyd 'n ongelowige wees. Maar 'n ou skynheilige sal kerk toe gaan, en hulle neus in die lug opsteek, en maak asof hulle iemand is, vertrek na die dinge van die wêreld en sê: "Wel, my pastoor is breër gesind as jou verkrampte pastoor." Jou arme, ellendige ek-weet-nie-wat-nie! Jy het 'n outydse pastoor nodig wat jou hare vir jou sal skud, wat jou die waarheid sal vertel.

150 Isébel het haar pastoor gehaat, haar pastoor was Elía, maar hy het vir haar gesê wat gaan gebeur, sy moes in elk geval luister. Sy wou hom nie aanvaar as die pastoor nie, maar God het hom gestuur as die pastoor; hy was God se pastoor. Nou, kyk wat het gebeur.

151 Die kraai, rede waarom hy kan eet, hy kan enigiets verteer; maar die duif is verskillend gemaak, dis 'n ander samestelling, 'n duif het nie enige gal nie, dit kan dit nie verteer nie. En 'n wedergebore Christen kan nie die dinge van die wêreld eet nie, hy het nie meer 'n gal nie. Dit sou hom doodmaak, jy sal nie die duif saam met die kraai sien eet solank hy op daardie dooie karkas is nie.

152 "O, ek het pas saam met hulle gegaan onder by die potspelkamer, ek het nie gedink daar was enige skade in nie."

153 Die Heilige Gees leer jou beter as dit. En dan wil die duiwel dit bevredig, jy sê: "Ek's godsdienstig, ek het by 'n kerk aangesluit." Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Die duiwel probeer daardie dors bevredig, wat jy in jou hart het vir God, om jou by 'n kerk te laat aansluit; dis so 'n groot leuen as wat hy jou kan laat glo. Om by die kerk aan te sluit het nie een ding daarmee te doen nie, jy kan by elke kerk in hierdie dorp aansluit, en hel toe

gaan, soos 'n swaeltjie na sy nes toe, jy kan behoort aan elkeen van hulle.

154 Tensy jy wedergebore is, tensy iets *hier* gebeur het, wat jou hele aptyte verander van die dinge van die wêreld, of die . . . al jou liefde en toewyding, alles aan Christus gegee is, dan is wanneer jy begin regkom, kan jy maar sê. Wanneer jou gees saam met Sy Gees getuig, stem jou lewe ooreen daarmee. Ja.

155 "O, my siel verlang na U, O Here. Ek verlang om U te sien," Dawid, toe hy die kerk sien weggaan het: "Ek verlang om U te sien soos ek U in U heiligdom gesien het," suiwer, heilig. "My dors . . . My siel dors na U, soos in 'n dor en dorstige land waar daar geen water is nie.

156 Dawid was 'n jagter, hy het met wilde diere gewerk, en hy het geweet wat hulle was. Jy kan baie by wilde diere leer as jy hulle net sal dophou; ek hou net daarvan om wilde diere dop te hou. Ek was uit vandag, aan die ry deur die paaie, en dinge, om iets te probeer kry om daarna te kyk, kyk of ek 'n takbok, of iets kon sien, wat ek kon dophou. Hoedat jy God in hulle kan sien as jy hulle net sal dophou!

157 En Dawid het opgelet hoedat hulle, in die land waar hulle baie takbokke gehad het, wilde honde gehad het in daardie land, of ons noem hulle hier, wolwe, en hy het gesê: "Soos die hert dors na die waterstroom, dors my siel na U." Soos 'n hert, die takbok, dors na die waterstroom.

158 Nou aan sommige van julle jagters, as jy 'n takbok wond en hy kan by die water kom, sal jy hom verloor, hy sal aanhou drink, opgaan, terugsirkel. Jy kan hom raaksien waar jy ook al wil, reguit terugkom na daardie water toe, hy sal nooit daardie water verlaat nie. Maar as hy nie by die water uitkom nie, sal jy hom dadelik optel.

159 Dan in Dawid se tyd, soos dit is in Brits-Columbië en baie plekke waar ek jag, let julle op daardie wolf, daar staan die takbokkie daarbuite, 'n baie tipiese gesig van 'n klein, jongdame in haar tienerjare, of 'n klein, jong mannetjie, of 'n sekere man se liefling, sy vrou, of 'n vrou se man . . . En hulle noem dit vandag: "die wolwefluit," julle weet, die wolfroep.

160 Dis wat ek 'n rukkie gelede by julle gekry het: Waarom maak julle julleself so op, en tree so op, vroue? Laat ek julle iets vertel voor ek hierdie verlaat. Weet julle wat gaan gebeur by die Oordeelsdag? Jy gaan skuldig wees aan owerspel pleeg.

161 Jy sê: "Wel, ek's net so rein soos 'n lelie teenoor my man! Mnr. Branham, ek was nooit besoedel nie!"

162 Laat ons uitvind. Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds owerspel met haar gepleeg in sy hart." Dit wat Hy gesê het? Goed, as jy in die straat afloop, aangetrek met daardie ou, vuil kleertjies aan, en 'n man kyk na

jou en begeer jou, wel, daardie sondaar sal antwoord vir owerspel pleeg. En met wie het hy dit gedoen? Wie het hulleself aan hom voorgestel? Wie is skuldig? Jy's skuldig! Jy het jouself daarbuite voor hom voorgestel soos daardie, en jy is skuldig aan owerspel pleeg met daardie sondaar, en sal daarvoor antwoord op die Oordeelsdag.

163 Ek wil graag 'n tent hierbuite sit en preek oor sommige van hierdie dinge vir 'n rukkie. Jy hardloop net bo-oor daardie dinge. Jesus het gesê: "Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer . . ." en jy stel jouself daarbuite voor. Jy mag, moreel gesproke, onbesmet wees, maar omdat 'n duiwelse gees jou laat aantrek en so laat optree het, is jy skuldig daaraan dat 'n sondaar owerspel pleeg met jou, omdat jy jouself so vertoon het. Dis wat Jesus gesê het, moet met Hom daaroor praat.

164 Dis hoekom ek vir jou sê, liewe suster; dis hoekom ek vir jou sê, dierbare broer. Wat is die probleem met hierdie land? O, sien julle nie dat die duiwel dit geneem het sonder om 'n skoot te skiet nie? Hy het die kerk. Hy het reguit ingekom, met 'n weg van moderne geleerdheid en wetenskap, reguit ingestap en hulle geneem met hierdie, in sy arms.

165 En vroue kry hulleself hierbuite, besef dit nie . . . In my hotelvenster gesit 'n tyd gelede, 'n vroutjie sien uitkom wat nie genoeg klere aangehad het om 'n haelgeweer te laai nie, en gesit 'n . . . het 'n babatjie in haar arms gehad, uitgehardloop op die straat nadat 'n wieldop in die straat afgegaan het. 'n—'n—'n Vroutjie met 'n baba! Daardie arme dingetjie! Waarin gaan dit grootgemaak word?

166 Toe ek wildbewaarder was, het ek eendag afgekom op 'n trein, en 'n vrou wat daar sit met haar bene gekruis en 'n sigaret gerook, wat klop die, die as uit haar babatjie se oë blaas. Ek het omgeloop, ek het gesê: "Vrou, het God vir jou daardie baba gegee vir 'n asbak?" Maar die wêreld wil nie daardie dinge hoor nie.

167 Die helfte van die tyd, sal Satan nie eens die mense daarna laat sit en luister nie. So besoedel, so korrup, verstand so ver weg, so besoedel met die dinge van die wêreld, hulle het geen gewete nie. Die Bybel het gesê: "In die laaste dae sou hulle roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God wees, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, en sonder liefde vir die goeie, wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het: keer jou af van hierdie mense. Want dit is die soort wat van huis tot huis gaan, en arme vroue gevange neem wat deur allerhande sonde belaai is," belaai in ons verenigings.

168 Julle verenigings! Het nou soveel daarvan, dat die kerk nie eens kan beweeg nie, dis verlam. Wat het dit gehelp? Jy het 'n biduur en 'n altaar-oproep nodig, is wat jy nodig het. Daar staan hulle, klein, onskuldige goedjies, wat daarbuite staan sonder om te weet. Wat is fout met julle predikers? Word wakker. God sal

jou verantwoordelik hou daarvoor, broer, preek dit, kry die bloed van jou eie hand af. Gaan daar uit, hulle wil hê die kêrels moet sê: "*Wheet-whew!*" Kyk wat gebeur het.

169 'n Takbokkie, wat in die veld staan en krap, en 'n wolf sien dit, hy is aangetrek soontoe. Nou, die wolf is 'n moordenaar; en daardie wolf wat fluit, is ook 'n moordenaar, sus, erger as die ander een. So die wolf het 'n taktiek, wanneer dit die takbok gryp, het dit twee bloedtande. En hy hardloop . . . Baiekeer het ek hulle van my perd af weggeskiet, my kalwers gekry, ensovoorts, hulle dopgehou hoe hulle hardloop, net so vinnig as wat hulle kon, reg in hierdie takbokkie ingekap, en opgespring en daardie bloedtande net agter die oor ingegooi soos *daardie*, en sy gewig omgeswaai, die keel totaal afgesny. Die takbokkie maak 'n paar stuiptrekkings en dis weg, dan is dit oraloor met jakkalse bedek binne 'n paar minute (Jakkals is 'n prêriewolf.), wat hulle bene afknaag.

170 En dan as hy daardie plek mis, het hy 'n ander plek wat hy kan gryp, dis reg in die sy. Nou, die sy is soort van die middelste gewig van die takbok. Die agterkwarte is swaarder as die voorste kwarte, dis omtrent halfpad, so as hy kan gryp en dit beetkry, kan hy die takbok skud, as hy 'n goeie houvas kry, kan hy die takbok in elk geval neergooi, as hy sien hy gaan die keel mis wanneer hy draai.

171 En hy sal die sy gryp, en as die takbok baie slim is, kan dit 'n sekere heupswaai gee, en die wolf sal die hele mondvol uitpluk, dan begin die kêreltjie bloei, maar as hy kan wegkom as dit vinnig is.

172 O, dierbare suster, dierbare broer, ek wonder waar dit jou vanaand gegryp het? Onthou, daar's vroulike wolwe, ook. Waar het hy jou gegryp, dogtertjie hier wat pas jou eerste ruk-en-rol partytjie bygewoon het? Julle outjies daarbuite, wat julle siel begeer op ou vuil, verrotte goed soos Elvis Presley!

173 Ek hier sou uitgaan op hierdie hoek en die Evangelie preek vir dertig minute, sou ek waarskynlik in die tronk gewees het vir die versteuring van vrede; Elvis Presley kon daar staan en daardie ou vuil liedere sing, en jong meisies hardloop nader en trek hulle onderklere af en gooi dit in hom in, en hy sou 'n handtekening daarop gee. En hy kan daar staan, en hulle sou polisiehof neem en daardie mense weggooi sodat hy kon sing.

174 Dit wys waarby die wêreld gekom het. Die wêreld het hulle besluit geneem toe hulle gesê het: "Vat vir Jesus en kruisig Hom, en gee vir ons Barábbas." Daar's net een verskil tussen Elvis Presley . . . Ek bly toevallig in sy land, julle weet, ken sy pastoor en almal, gesê hy's godsdienstig. Daar's een verskil, volgens my opinie met God se Bybel, tussen Elvis Presley en Judas Iskariot: Judas het dertig silwerstukke gekry, Elvis het 'n vloot Cadillacs

en twee- of driemiljoen dollar gekry. Dis die verskil, hulle het albei uitverkoop aan die duiwel, dis presies reg.

175 Al hierdie goed, Tennessee Ernie Ford, al daardie goed, staan en 'n godsdienstige lied sing, hulle oë rol soos 'n sterwende kalf, dan uitgaan in die dag en in daardie plekke in, en ou vulgêre goed, en hulle arms om daardie vroue sit, en so optree! En julle stem daardie ding op julle televisie in, laat julle kinders na daardie vrou kyk, jy het 'n outydse biduur met 'n oop Bybel nodig. Dis reg.

176 Party van julle kerke. . . Ek het nou die dag hier na 'n JMCV toe gegaan in 'n sekere stad, ek was oorkant die straat daarvan, liewer, het my gordyn gelig, hulle het dogtertjies daar oorkant gehad, sestien jaar oud, vir wie hulle hierdie boegie-woegie leer, of wat, ruk-en-rol! Ek's 'n sendeling, ek kan dit bewys sonder 'n sweempie twyfel: dat vroue wat verf dra, van 'n heidense gebruik afkomstig is, die heidene doen dit, en boegie-woegie en ruk-en-rol is 'n Afrika dans van die heidene. Kan julle nie sien hoe die duiwel ingekom en dit blinkgevryf het nie?

177 Was altyd die ou dronklap wat ou Charlie Barleycorn was, verskriklik gelyk, afskuwelike voëlverskrikker iewers in die veld, maar vandag is hy blinkgevryf, hy's in buffers en sit in elke yskas; hy's steeds dieselfde duiwel. O, ja.

178 Die kerk was altyd 'n heilige plek, die mense was altyd heilige mense wat soontoe gegaan het, maar kyk na hulle vandag, trek eenders aan, lyk eenders, gaan eenders, kan nie die een van die ander onderskei nie, en almal van hulle net hond-eet-hond.

179 Let op, as daardie takbokkie, wanneer hy wegkom. . . En ek sluit nou af; ek reken julle dink dis tyd. Maar wanneer daardie takbokkie kan wegkom, wat gebeur wanneer hy begin bloei? Hy begin dors, hy moet water vind, dis wat Dawid gesê het: "Soos die hert dors na die waterstroom," hy's gewond, sy lewe bloei uit hom uit: "hert dors na die waterstroom, dors my siel na U, O God. As daardie takbokkie nie water kan kry nie, gaan hy sterf; maar as hy water kan kry, sal hy dit oorleef.

180 O God, ek sou wou hê dat elke siel hierbinne vanaand die wonde van Satan sou sien.

181 Neem nou inventaris van jouself, elkeen, kyk waar hy jou gewond het.

182 Jy sê: "Maar, Broer Branham, ek het nie die heelpad gegaan nie."

183 Wel, kind, jy's gewond. Dors jou siel na God? "O God, ek moet U vind of sterf, ek kan nie sonder U aangaan nie, God. Ek kan nie meer eet nie, ek sal nie meer slaap nie, ek moet U hê, Here, of vergaan." Wanneer die Kerk in daardie toestand beland, sal God terugkom na Sy Kerk toe, God sal met die Kerk wees. "O, soos die hert dors na die waterstroom, dors my siel na U, O God."

Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik.

184 Genadige God, kyk oor hierdie gehoor heen vanaand na ons almal, Here, sien die wonde en die littekens van die wêreld. Kyk na hierdie arme vroutjies wat hier sit, Here, kyk na hierdie mans. Wat 'n jammerte, wat 'n skande, God! En laat hulle weet dat U dienskneg, Here, wat hulle liefhet, sekerlik, as U my die gedagtes van hulle hart sal laat ken, en dinge, deur 'n gawe om U Teenwoordigheid te manifesteer, sou U my laat weet dat hierdie boodskap vanaand moes kom.

185 God, skenk vanaand dat elke persoon hierbinne hulle behoefte sal sien, hulle is gewond, miskien is sommige van hulle lang kerklidmate, kortgeknipte hare, geverfde gesigte, mans wat julle vroue laat gaan en sigarette rook, en, O God, wat 'n gewonde kerk! Wat 'n siek liggaam!

186 Mag hulle begin dors net nou: "O God, neem my net soos ek is, vergewe my, Here, beproef my nog net een keer. Ek sal regkom, Here, ek sal dinge regmaak. Gee my net 'n kans." Skenk dit, Here. As hulle ware takbokke is, u takbokke in u hart, sal hulle beslis nou na die waterstroom toe kom.

187 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, wonder ek, julle wat gewond is deur hierdie ou hond van die hel, wat op julle spoor afgebrul het en julle almal in die vaste toestand het waarin julle vanaand is, kan julle dit sekerlik sien. As jy glo God hoor my gebed vir die genesing van die siekes, wat van jou siel? Sal jy hiernatoe kom, my hand skud en hier staan, laat ons bid? Komaan, af deur die balkonne, uit die gebou uit, julle weet julle is gewond, moenie sê jy is nie, jou teenwoordigheid wys dit selfs.

Net soos ek is, sonder een . . .

Sal jy hiernatoe kom, my jou hand laat skud?

. . . daardie . . .

188 God seën jou, suster. God seën jou. Eerlik, eerlikhartig. 'n Dametjie wat hier sit, skoon, dametjie, weet sy . . . Sal jy net 'n oomblik hier staan, suster? Laat ons . . . Kom net reguit hiernatoe. Dis reg. Kom uit die balkonne uit. Ons sal wag.

189 Glo jy ek het jou die waarheid vertel? Steek jou hand op. Glo jy ek het dit gesê om gemeen te wees? Nee, meneer. As ek het, broer, is ek nie geskik om hier te staan nie, ek het jou uit my hart uit gesê, as ek weet dit is skoon, ek het dit gesê omdat jy dit nodig het. Julle is dierbare mense, gisteraand het julle my 'n deel van julle lewensonderhoud gegee om my kinders mee te voed. Dink julle ek sou hiernatoe kom, skynheilig genoeg wees om iets op julle af te gooi wat nie reg is nie? Ek het hiernatoe gekom omdat ek in my hart gewaarsku is, dis hoekom ek kom.

190 Nou, jy weet jy's skuldig, daar behoort klomp van julle te wees wat nou hiernatoe kom, jy weet jy's verkeerd, kyk na jouself, dink oor jouself. Dit hang van jou af, as jy wil voortgaan, dit hang

van jou af. Ek pleit en offer aan julle Christus, terwyl ons nog een keer sing:

Net soos . . . (God seën jou, broer.)

[Broer Branham verlaat die mikrofoon om hand te skud met die berouvolles, baie van sy woorde is onhoorbaar—Red.] . . . ? . . .

. . . Wie se Bloed elke vlek kan reinig,
O Lam van God, ek kom! Ek . . .

191 Is julle gewillig om te erken julle is verkeerd? Ek voel gelei om dit te sê terwyl hierdie hier staan, kerklidmate: Ek het gesê: "Susters, ek bedoel nie om gemeen te wees nie."

Hulle het gesê: "God seën jou, Broer Branham, dis wat ons nodig gehad het."

192 Goed, sal julle dit voor God neem vanaand, elkeen hierbinne? "Jesus, verseël my in my toestand net nou soos ek sit, en laat my opinies en alles net wees soos hulle nou is. Wanneer ek U ontmoet by die Oordeel, laat my selfde toestand nou bestaan as ek U ontmoet by die Oordeel."

193 Wat daarvan? As jy wil hê Jesus moet jou verseël net soos jy nou is, dat jou opinies, jou gedagte, as jy nie veroordeel is daarin nie, laat Hom jou so ontmoet, met daardie gees wat jy het en toestand nou by die Oordeel, dink nou daaraan terwyl ons ons hoofde stil buig. Kom hier, in Christus' Naam, as daar veroordeling op jou siel is op enige manier, kom nou hier na die altaar toe. Metodiste, kom julle, Baptiste, kom julle, Pinkster, kom julle, Presbiteriaan, Lutheraan, Nasaréners, Pelgrim Heiligheid, Katoliek, wat julle ook al is, kom. Luister, die Heilige Gees is op my, sê vir my dat hierdie plek vol behoort te staan, en op-en-af in hierdie paadjies. Wees julle nou die regter.

Kom ons bid.

194 Here, ek het daardie woorde gesê omdat ek gevoel het ek moet hulle sê, nooit tevore in my lewe aan hulle gedink nie, nog nooit in my lewe gevoel nie, U is my Regter, Here, maar ek het dit gesê omdat ek hierdie mense liefhet, en U Gees my gewaarsku het om so te sê. Hulle is lieflik, hulle is goedhartig, hulle is konserwatief, 'n bietjie onverskillig baie van hulle, en tog goeie mense, maar sien, Here, dat duisternis nou op hierdie manier aan die mense hang, God, rig hulle op uit hulle sitplekke en bring hulle hiernatoe om hulle belydenis voor U te maak. Skenk dit, Here.

195 Hoor die gebed van U dienskneg soos ek intree en staan soos tussen die lewende en dooie, met hierdie harde, snydende preek wat reg in die murg insny, maar God is my Regter, ek het dit gesê omdat U dit in my lippe geplaas het om te sê. Laat die mense verstaan, Vader, sommer nou.

Net soos ek is, sal U ontvang,
Sal verwelkom, vergewe, reinig, verlig;

Want ek belowe ek glo,
. . . Lam van God, . . .

196 Dis reg, dis reg. Nou gehoorsaam jy.

Net soos ek is, en wag . . . (Luister nou na hierdie woorde.) . . . wag nie
Om my siel te bevry (van wat?) van een donker vlek,
Aan—aan U, wie se Bloed elke vlek kan reinig,
O Lam van God, ek kom! Ek kom!

Net soos . . .

197 O, dis die manier, broer, suster, kom reguit uit, maak nie saak waar jy is, wie jy is nie, kom net. As daar 'n vlek op jou lewe is, is hierdie die tyd. Ek belowe jou. God gaan nou iets vir jou doen.

198 Hoeveel van julle soek die Heilige Gees en het Dit nog nooit ontvang nie? Hierdie is julle tyd. Ons wag. Hulle kom af uit die balkonne en rondom, om in te kom, vergader rondom. Hierdie is die uur van jou besluit. Sal jy na God toe kom en die outydse belydenis maak? Sal jy kom en sê: "God, ek's skuldig, ek's skuldig daaraan om verkeerd te doen, vergewe my, God, neem my in U sorg en U vertroue vanaand, ek belowe U, ek sal U dien"?

Aan U, wie se Bloed elke vlek kan reinig,
. . . ek kom! Ek kom!

199 Terwyl ons dit nog een keer sing, wil ek hê predikers moet hier na die platvorm toe kom. Alle predikers wat hier is, kom hier na die platvorm toe saam met my net 'n oomblik.

. . . sond- . . . sonder een pleidooi,
Maar dat My Bloed gestort was vir . . .
En dat U . . .

Hoor daardie klein Stemmetjie wat praat, jou uitnooi?

. . . kom na U, (Nou loop reguit vorentoe rondom die kante hier.)

. . . Ek's, U sal . . . (Vergader net reg aan hierdie kant hier . . . ? . . .)
Sal verwelkom . . .

200 Is jy klaar daar agter? Is jy seker daar's niks op jou siel nie? Stap uit in die paadjies as julle—as julle wil. Sou julle nie liewer reguit hiernatoe wou kom nie? Wat as vanaand jou laaste aand is? Wat as jy in 'n hartaanval gaan, of iets, voor die oggend? Wat as jou motor vanaand sou bots? Wat as die dokter vroeg in die oggend aankom, jou pols neem, jy weg is? Kom nou, maak dit net nou. Moenie—moenie dobbel met jou siel nie, vriend.

Net soos . . .

201 Bo in die balkon, as jy dink dis te ver om af te stap, staan op jou voete, staan net op, sê: "God, ek het iets op my siel." God seën jou, broer. Luister, jy mag baie groot ding in jou lewe gedoen het,

meneer, maar dis die grootste beweging wat jy ooit gemaak het. Jy's mans genoeg! Ek het vertroue in julle om op te staan en te sê: "Ek's verkeerd, God, vergewe my." Manne wat sal staan . . .

202 God seën jou, jongdame, en jou, jou, meneer, oral rondom. God seën jou, dame. Dis reg. Staan op as jy voel dat jy verkeerd is, staan op, sê: "God, ek's—ek's verkeerd, ek's skaam vir myself, ek wil nou my sondes bely, ek—ek wil reg wees met God." Hoor die snikke en huilende, gebroke geeste? "Hy wat uitgaan en in trane saai, sal sonder twyfel weer jubelend terugkeer, kosbare gerwe inbring."

203 Staan nou, almal. Nou steek ons hande op en doen elkeen hierdie: Maak hierdie gebed, sê: "God, ek skaam my vir myself. Ek's jammer ek het *dit* gedoen. Help my, Here, vergewe my. Ek's skuldig, neem daardie skuld weg. As ek my hare afgeskeer het, sal ek dit weer laat groei, deur U genade. Ek sal hierdie verfgoed van my gesig afwas en dit nooit weer dra nie. Ek sal nooit weer daardie vuil, ou kleertjies dra nie, ek sal myself soos 'n dame aantrek. Ek sal myself gedra soos God se dogter, al is ek hier in die wêreld waar dit alles anders is, soos daardie slaaf was." Vreemde mense, vreemde dinge.

204 Wat van julle mans? Julle seuns met julle meisies, julle meisies met julle kêrel, as julle God se kinders is, gedra julleself soos God se kinders, wees anders, die wêreld wil hê julle moet sien dat . . . wil dit in julle sien. Nou laat ons ons hande opsteek en ons vra vir God vra om ons te vergewe, elkeen met hulle hande op.

205 Terwyl ons ons hoofde buig, gaan ek die prediker hier vra, broer hier, of hy ons sal kom lei in gebed, Broer MacLeod, een van die plaaslike manne hier. Goed. Kom ons buig ons hoofde terwyl ons nou na God kyk. Wees opreg, moenie twyfel nie. God het belowe om jou te vergewe, en dit sal Hy doen. Goed. Laat ons nou buig terwyl Broer MacLeod gebed doen.

206 [Broer McCloud bid—Red.]

[Ons Hemelse Vader,] O Here! [ons dank U vir U Woord] Ja, Here! [U het ons so genadiglik gegee vanaand] O! [deur ons Broer Branham. Here, ons glo Dit sal vrugbare grond vind vanaand.] Skenk dit, Here! [En Dit sal vrugte voortbring, Here, wat hierdie herlewing wat Amerika nodig het, hierdie herlewing waarvoor ons gebid het vir New England sal laat begin vanaand, Here,] Skenk dit, Here, in elke hart. Skenk dit, Here! [dat U mense, oor wie U Naam uitgeroep is, begin] O, God! [om hulle sondes te bely en weg te draai van hulle bose weë, dat U ons—ons land sal genees.] Ja, Here! Skenk dit vanaand! [God, ek bid vanaand dat een en elkeen van ons, Here, wat onsself sal verneder soos ons nog nooit tevore onsself verneder het nie. God, reinig ons vanaand van ons bose sondes, van ons bose weë, van ons dwalings, van ons afvallighede. Ondersoek ons harte, toets ons gedagtes en reinig

ons deur U kosbare Bloed. O God, vanaand sluit ons met U, Here . . .] 

58-0519 Lewe
Stadsaal
Bangor, Maine V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org